

FYN EN FLEURIG

Die eeue-oue kuns van kerspitborduurwerk het in gewildheid toegeneem. Probeer gerus hierdie stelletjie wat spesiaal vir die babawiegie ontwerp is

deur **PENNY SWIFT**

patroonontwerp en kerspitborduurwerk deur **CLAIRE CLARK**

foto's **JANEK SZYMANOWSKI**

DEURGESTIKTE DEKEN, KUSSINGSLOOP EN BUFFER OM TE BORDUUR

KERSPITBORDUURWERK is tradisioneel op kalikostof met roomkleurige of wit gare gedoen. Hierdie pragtige stelletjie is egter gemaak van pienk poliëstermateriaal en geborduur met pienk en wit geskakeerde pêrelkatoengare.

BENODIGDHEDE: 3 m poliëstermateriaal (115 cm wyd); 1 m watteersel vir die deurgestikte deken, na grootte gesny; 4 m katoenkant (vir versiering); 2 tolle wit DMC pêrelkatoenbordurgare nr. 5; 1 tol pienk DMC pêrelkatoenbordurgare nr. 5; wateroplosbare materiaal-merken; borduurraam; nr. 22 tapisserienaald; borduurskêr; bypassende gare; drukkertjies.

KNIPWERK: 1 cm is vir naattoelatings bygereken.

BUFFER: Dit bestaan uit drie stukke skuimrubber, elk 54 cm lank en 17 cm breed – om 'n voltooide lengte van 162 x 17 cm te gee. Sny een stuk materiaal ongeveer 164 cm x 19 cm. Sny twee stukke elk 85 x 19 cm vir die agterkant van die buffer. Sny vasbindbandjies van oorblywende materiaal of gebruik bindlint.

KUSSINGSLOOP: Die kussinggrootte is 33 x 25 cm. Die voltooide kussingsloopgrootte is 36 x 27 cm. Sny die voorkant van die kussingsloop (wat geborduur word) 38 x 29 cm. Sny vir die agterkant twee stukke van 22 x 29 cm. Die agterkant slaan soos 'n koevert oormekaar.

DEURGESTIKTE DEKEN: Die voltooide grootte is 103 x 54 cm. Sny die voorkant (wat geborduur word) 102 x 52 cm. Die opstopstel moet effens groter as dit gesny word, omtrent 2 cm, en die rugstuk nóg groter. Die kante van die rugstuk word na die voorkant toe omgevou om die rand te vorm.

BORDUURWERK: **Let wel:** Die volle teddiebeerpatroon word in die middel van die deken geborduur, terwyl slegs dele daarvan op die kussingsloop en die buffer gebruik word.

Voordat jy begin, merk die middel van die deken met die wateroplosbare pen. Dit is belangrik om te verseker dat jou deurstikwerk later eweredig is (sien diagram).

Vergroot die patroon (1 blokkie = 2,5 cm). Plaas die patroon onder een stuk materiaal wat vir die deken gesny is en merk versigtig met die pen. Merk 'n hartjie in elke hoek van die deken. (Ongeveer 10 x 10 cm.) Nadat die patroon uitgemerk is, sal jy die ontwerp duidelik op die materiaal kan sien.

Vir die kussingsloop word die teddiebeer, twee harte en drie blommetjies van die ontwerp gebruik. Vir die buffer word net harte en blommetjies gebruik.

BORDUURSTEKE: Vier steke word vir hierdie ontwerp gebruik: Franse knoop, enkelsatynsteek, stamsteek en spikkelsteek.

● **Franse knoop:** Hierdie steke word vir die grootste gedeelte van die ontwerp gewerk. Om te maak: Bring die gare by die verlangde plek uit en draai dit twee keer om die naald. Hou die gare stewig vas, en draai die naald terug na die beginpunt sodat jy die naald naby die knoop kan insteek (sien diagram 1).

● **Enkelsatynsteek:** Hierdie eenvoudige steek word vir die "blare" van die blomme gebruik (sien diagram 2).

● **Stamsteek:** Een van die basiese omlyningsteke en word gebruik vir die teddiebeer se mond en die binnekant van die harte. Jy sal opmerk dat die harte omring word met klein Franse knope. Om stamsteek te werk, werk van links na regs, sodat die steke effens skuins lê in verhouding met die lyn van die ontwerp. Die gare moet altyd uitkom aan die linkerkant van die vorige steek (sien diagram 3).


● **Spikkelsteek:** Dis 'n eenvoudige invulsteke wat vir die binnekant van die teddiebeer se voete, ore en pote gebruik

word. Maak 'n reeks klein, reguit, onreëlmatige stekies van dieselfde lengte (sien diagram 4). Werk die patroon in die steke wat aangedui word. Deur twee kleure te kombineer, word 'n pragtige effek verkry.

Let wel: Ander steke wat geskik is vir kerspitborduurwerk is koloniale knope, satynsteek, kettingsteek en traliesteke. Gebruik hegsteke of kruissteke om die gare af te werk (vas te heg).

STIK-INSTRUKSIES: Nadat die borduurwerk voltooi is, kan die items afgewerk word.

Kussingsloop: Soom die twee kante wat in die middel agter oormekaar sal vou (d.w.s. wat die koevert sal vorm). Sigsag met fyn stekies rondom al die kante. Met gebor-



duurde kant na bo, werk kant met masjiensteek aan beide kante van kussingsloop vas. Plaas die twee agterkante, regte kante na onder, bo-op die geborduurde voorkant van die kussingsloop. Werk al die kante met masjiensteek vas. Draai regte kant na buite.

Buffer: Gaan op presies dieselfde manier te werk, en laat 'n opening in die middel. Gebruik indien nodig drukkertjies om dit vas te heg. Werk klein vasbindbandjies aan die ente sodat die buffer aan die wiegie vasgebind kan word.

Deken: Die deken het drie lae: die rugstuk, die opstopstel en die geborduurde voorkant. Vou die rugstuk oor die kant van die opstopstel sodat dit 'n mooi ferm rand vorm. Maak verstekhoeke en werk die kant vas. Doen daarna die deurstikwerk in 10-cm-vierkante (sien diagram 5).

● Bykomende kerspitborduurwerk-patrone is beskikbaar van Claire Clark, Sea Horses, Tweedelaan 1, Vishoek, 7975. Daar is tans twee stelle, elk met 10 patrone, volle aanwysings en 'n maklike alfabet om jou werk te verpersoonlik. Elke patroonstel kos R12,50 (plus 70 sent vir posgeld en verpakking).